Oordenking
20 April 2009

Leef!

God se plan is om ons tot nuwe lewe te bring deur die werk van die Heilige Gees en deur die Woord van God. Iets onverstaanbaar en wonderlik gebeur wanner ons onsself onder die Woord plaas: die Gees skenk geloof en wedergeboorte aan ons.

God se mense moet altyd seker maak dat hulle onder die geklank van God se Woord leef. Hulle moet verseker dat hulle by God se plek van aanbidding is. Hulle moet deelneem aan Bybelstudie. Hulle moet tyd maak vir persoonlike tyd met die Here en sy Woord. Ons God is almagtig. Hy kan alles doen. Deur die Gees en die Woord bring Hy nuwe lewe na ‘n sondaar wie se gees dood en uitgedor geraak het. Hy kan die gelowige wat die verste en diepste geval het, terugbring na die lewe in Hom.

2 Tim. 3: 16 & 17 Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die mens wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Dierbare Heer, maak my ook deel van die heerlike lewe van die opgestane Christus deur u Gees geïnspireerde Woord. Amen.